Printed by Creda Communications

WET

Om sekere ongemagtigde uitgawes ten opsigte van die 2005/2006 boekjaar te magtig en die Provinsiale Inkomstefonds dienooreenkomstig te belas.

(Afrikaanse teks deur die Premier geteken)
(Bekragtig op 30 Augustus 2007)

DAAR WORD BEPAAL deur die Provinsiale Parlement van die Provinsie Wes-Kaap, soos volg:—

Magtiging van ongemagtigde uitgawes vir die 2005/2006 boekjaar

1. (1) Die Provinsiale Inkomstefonds word belas met die bedrag van R9 964 742,04 tot magtiging van sekere ongemagtigde uitgawes vir die 2005/2006 boekjaar, soos hierna uiteengesit in Bylae 1, bo en behalwe die bedrae beskikbaar gestel vir hierdie diens vir die boekjaar wat op 31 Maart 2006 geëindig het.

(2) Die uitgawes in subartikel (1) bedoel, word beskryf by verwysing na die Verslag van die Ouditeur-generaal en die verklarende memorandum soos aangedui in die voetnota tot die vyfde kolom van die skedule tot hierdie Wet.

(3) Die uitgawe is 'n direkte las teen die Provinsiale Inkomstefonds.

Kort titel

2. Hierdie Wet heet die Wes-Kaapse Eerste Finansiewet, 2007.

Bylae 1

(PROVINSIALE INKOMSTEFONDS)

Ooreen-stemmende Artikel	Begrotingspos Beskrywing	Boekjaar	Beskrywing	Program (R)
1	6—Gesondheid	2005/2006	Program 5	9 964 742,04
				9 964 742,04*

* Die ongemagtigde uitgawe word nader beskryf in paragraaf 5.1 op bladsy 100 van die Verslag van die Ouditeur-generaal in die Jaarverslag van die Departement van Gesondheid vir die 2005/2006 boekjaar, wat aan die Provinsiale Parlement voorgelê is, en in die Vierde Verslag van die Staande Komitee oor Openbare Rekeninge, gedateer 30 November 2006 sowel as in die verklarende memorandum.